No 22 - 2022] FOURTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 1 DECEMBER 2022

**HOUSE: 14:15**

1. The Acting Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman): That, in terms of section 62(5) of the national Constitution, read with section 2(3) of the National Council of Provinces (Permanent Delegates Vacancies) Act, 1997 (Act 17 of 1997, Mr Frederik Jacobus Badenhorst be appointed as a permanent delegate to the National Council of Provinces.

**ORDERS OF THE DAY**

1. Consideration of principle of the Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 3–2022] (Minister of Finance and Economic Opportunities).
2. Consideration of report of the Standing Committee on Social Development on the Children's Amendment Bill [B 18D–2020] (NCOP), dated 11 November 2022 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 130, dated 15 November 2022, p 544) (Ratification of final mandate).
3. Consideration of report of the Ad Hoc Committee on WCPP Seats, (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 135, dated 21 November 2022, 554)
4. Consideration of report of the Standing Committee on Human Settlements. Theme: Dignity Oversight activities undertaken by the Committee (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 142, dated 28 November 2022, p 568).
5. Consideration of report of the Budget Committee on the Division of Revenue Amendment Bill [B 22–2022] (NCOP), dated 22 November 2022 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 143, dated 28 November 2022, p 569) (Ratification of final mandate.)

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. The Acting Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman): That the House, in circumstances where:

   (i) the former Speaker of the Western Cape Provincial Parliament ("the legislature") lost his membership of the legislature on 28 November 2022 in accordance with section 106(3)(c) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996; and

(ii) section 29 of the Powers, Privileges and Immunities of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2004, together with the State Liability Act, 1957, provides that the Speaker of the legislature is the nominal defendant or respondent in litigation against the legislature; and

(iii) at this moment, the legislature does not have a Speaker,

Therefore resolves:

(a) that the Secretary of the legislature is hereby authorised to act on behalf of the legislature in respect of any litigation in which the legislature is cited or may become cited until such a time as the legislature again has a Speaker; and

(b) for the Secretary to report regularly to the House in respect of the Secretary's performance of the obligations in paragraph (a) above; and

(c) that, for as long as the position of Speaker remains vacant, the Secretary of the legislature may perform the functions pertaining to the receipt and communication of statutory and relevant information and documentation.

2. The Acting Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman): That the House, in accordance with Standing Rule 151:

(i) in accordance with section 20(4) of the Constitution of the Western Cape, 1997, and
(ii) in light of the serious allegations of misconduct against the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament,
(iii) which allegations are material to the Code of Ethics for Members of the Executive Authority in Schedule 2 of the Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2009 (Act 10 of 2009), and
(iv) which allegations are material to the performance of the Speaker's functions in terms of the Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2009,
(v) has lost confidence in the Speaker's ability to fulfil his responsibilities as Speaker,

and hereby removes the Speaker from office forthwith.

2. Ms N Makamba-Botya: That the House calls on the Western Cape Department of Local Government to make conditional grants and transfers available to municipalities so that they can provide free water, electricity and sanitation to indigent households who rely on social grants; and notes that, while we are aware that the City of Cape Town provides rebates to indigents households headed by pensioners from the age of 60 years and above, we call for more funds to be made available so that all these rates become free of charge and to also include child-headed households who survive on social grants.

3. Ms N Makamba-Botya: That the House calls on the Western Cape Provincial Parliament to embark on a mission of reviewing and removal of all provincial statutes that are representative of apartheid and remain offensive to the majority our people; notes that the review must make a deep analysis in searching for all these statutes or provisions that might be offensive and fall foul of the principle of constitutional validity when tested against the South African supreme Constitution; notes that our people cannot continue living in fear just because they are scared to infringe certain apartheid provisions in statutes that might end up leaving them with fines or potential imprisonment upon their infringement; and notes that we must strive to be a proactive and responsive legislature that eradicates everything bad before they deeply manifest themselves in society.

4. Ms D M Baartman: That the House welcomes the WCED's outstanding achievement of spending 100% of its infrastructure budget during the 2021/22 financial year; notes that, in total, this equated to more than R1,7 billion; notes that very year the Western Cape is a top destination for semigration as South Africans seek a better life of dignity, well-being and safety; and notes that this proves that our learners are in safe hands and that it further contributes to the quality education being taught in our province.

5. Mr A P van der Westhuizen: That the House notes the category winners of the annual Prestige Agri-Worker Awards that were announced at a gala ceremony at GrandWest on Saturday 5 November 2022, and particularly Mr Nigel Klaasen who was announced as the overall winner of 2022; and commends the Western Cape Department of Agriculture for being the only provincial department in the country where the contributions of the agri-workforce to the agriculture economy are celebrated and recognised.

6. Ms D M Baartman: That the House welcomes the great impact and progress made by the Harmony Project with its work in the Plettenberg Bay community; notes that the Harmony Project is a UK-based organisation that attempts to make teaching practices more practical so that learners are already connected with nature; notes that Grade 3 learners at the Bahia Formosa Primary School have already shown significant increases in their mathematics and language results; and looks forward to even more developments in this regard.

7. Mr M K Sayed: That the House notes with grave concern the provincial government's poor handling of the racial tensions at the Fish Hoek High School, which started in May 2022 when a teacher allegedly used racial slurs during a lesson, a matter which the ANC raised sharply in the House; notes further that a diversity workshop at the school was abruptly halted by the Minister of Education, David Maynier, after demands from the white right wing who argued that the diversity workshop intervention by the Western Cape Education Department (WCED) traumatised the learners; acknowledges that the reaction of the right-wing elements prove that some of our schools and communities remain racist enclaves (why else would young children be traumatised by antiracism interventions?); condemns in the strongest possible terms the DA's Minister Maynier for cowering to white right-wing demands at the expense of driving non-racialism and protecting black learners who are continuously targeted and discriminated against in many former Model C schools; and calls on the Minister to provide this House with all the details as to why the intervention was suspended, to desist from caving into race denialists for the sake of building a right-wing coalition in the province and instead to roll out more of these diversity workshops to tackle racism at a fundamental level in our schools.

8. Mr M K Sayed: That the House notes and condemns the bullying of learners at the Cascade Primary School in Mitchells Plain, after an 8-year-old autistic learner was allegedly peed on, spat upon and even threatened with sexual violence, which resulted in the child fearing to go back to school, as the bullying is not only from other learners, but from teachers as well; notes further that the mother of the child laid complaints at the Western Cape Education Department (WCED), as well as at the Mitchells Plain SAPS, but the police told her the child needs to have visible injuries in order for them to open a case; notes that the House strongly condemns these horrific acts; and calls on the WCED to accelerate its interventions for inclusive education and to eradicate all forms of discrimination and abuse in our schools.

9. Ms N Bakubaku-Vos: That the House notes and congratulates ANC MPL Rachel Windvogel for her sterling work and dedication in solving a labour crisis, where about 100 workers became violent against each other after the employer agreed to take only some of them to work; notes that she and her PCO administrators worked as a team with the Human Rights Commission Office, the police, law enforcement, Councillor

Libazi and the Municipality to restore calm and order in the community; and notes that the labour issues will be dealt with at the headquarters of the employer and the Chief Director of Inspectors of the Department of Labour in the province and the human rights team, with the MPL and her team, will continue to work together to resolve the issues.

10. Mr L L Mvimbi: That the House notes and condemns in the strongest possible terms the termination of the DTPW's Blue Dot Taxi Pilot Programme at the end of this month and expresses disappointed about the Department's decision to cut this programme; notes that the Blue Dot Programme, which was run in collaboration with the minibus-taxi industry, was aimed at improving taxi services and at improving passenger service quality and safety, as well as at empowering and transforming the industry to address illegal operations and violent conflict; and accepts that the government's decision once more proves the disregard and undermining of the taxi industry by this uncaring DA-led government, which now says they do not have funding, which in turn forced them to cease operations.

11. Ms R Windvogel: That the House notes with concern the Department of Social Development's planned closure of certain NPOs that are assisting women and children and providing help to gender-based violence victims, who have been sent letters alerting them to a possible discontinuation of funding in the 2023 financial year; and warns the provincial government against this as it will have adverse effects on vulnerable people in the province.

12. Mr L L Mvimbi: That the House notes with concern the ongoing attempts by the DA Mayor of the Oudtshoorn Municipality to evict a local museum from a council-owned building despite a lease agreement that is valid for an indefinite period; notes further that is clear that the DA-led administration is unhappy with the transformation that has taken place at the museum and also, given proximity of the building to the Mall, wants to give access to white business interests; and calls on the Premier and Minister Marais to intervene urgently to halt the planned eviction.

13. Mr C M Dugmore: That the House welcomes the report of Judge Kamphephe into allegations of racism at the Stellenbosch University, as well as the current institutional culture, and calls for engagement on its recommendations; notes the DA MP Schreiber's call on University funders to withdraw their support in light of the comments in the report about language and its potential to limit access to non-Afrikaans speakers; and resolves to condemn the DA for once again resisting transformation at the Stellenbosch University and for advocating language policies that limit rather than broaden access to the institution.

*See also:* Mr K Brinkhuis (p 8); Mr F C Christians (p 8); Ms N Bakubaku-Vos (p 9); Ms L J Botha (p 9); Ms P Z Lekker (p 9); Ms D M Baartman (p 9); Mr M K Sayed (p 9); Mr L L Mvimbi (p 9); Mr C M Dugmore (p 9); Mr M Kama (p 9); Ms R Windvogel (p 9); Mr M Xego (p 11); Ms N Makamba Botya (p 11); Ms N Makamba Botya (p 12); Mr C M Dugmore (p 12); Ms P Z Lekker (p 12); Mr M K Sayed (p 12); Mr M Kama (p 12); Mr M K Sayed (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Ms D M Baartman (p 13); Mr F C Christians (p 13); Mr P Marran (p 13); Mr P J Marais (p 14); Mr F C Christians (p 16); Mr D America (p 16); Mr A P van der Westhuizen (p 16); Ms N Bakubaku-Vos (p 16); Ms R Windvogel (p 16); Mr A Lili (p 16); Mr M K Sayed (p 16); Mr M K Sayed (p 17); Ms N Makamba Botya (p 17); Mr G Bosman (p 18); Mr M Kama (p 18); Mr M K Sayed (p 18); Ms R Windvogel (p 19); Mr M Xego (p 19); Ms N Makamba Botya (p 19); Ms L J Botha (p 19); Mr M K Sayed (p 19); Mr M K Sayed (p 20); Mr M Kama (p 20); Ms P Z Lekker (p 20); Ms R Windvogel (p 20); Mr P Marran (p 21); Ms W F Kaizer-Philander (p 21); Mr M Kama (p 21); Mr A Lili (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr K Brinkhuis (p 22); Ms N Makamba Botya (p 22); Mr L L Mvimbi (p 22); Mr M K Sayed (p 22); Mr M K Sayed (p 23); Mr F C Christians (p 24); Mr M Kama (p 24); Ms N Bakubaku-Vos (p 24); Mr D America (p 24); Ms N Makamba Botya (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr C M Dugmore (p 25); Mr S N August (p 28); Mr K

Brinkhuis (p 28); Mr M Xego (p 28); Mr F C Christians (p 30); Mr M K Sayed (p 30); Ms N Bakubaku-Vos (p 30); Mr M Kama (p 30); Ms P Z Lekker (p 30); Mr F C Christians (p 32); Mr D America (p 32); Mr C M Dugmore (p 32); Mr M K Sayed (p 32); Mr P Marran (p 32); Ms R Windvogel (p 32); Ms N Makamba Botya (p 32); Mr M K Sayed (p 32).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 1 DESEMBER 2022

**HUIS: 14:15**

1. Die Waarnemende Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me D M Baartman): Dat, ingevolge artikel 62(5) van die nasionale Grondwet, saamgelees met artikel 2(3) van die Wet op die Nasionale Raad van Provinsies (Vakatures onder Vaste Afgevaardigdes), 1997 (Wet 17 van 1997), mnr Frederik Jacobus Badenhorst aangestel word as ŉ vaste afgevaardigde na die Nasionale Raad van Provinsies.

**DAGORDERS**

1. Oorweging van beginsel van die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 3–2022] (Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede).

2. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling oor die Kinderwysigingswetsontwerp ("Children's Amendment Bill") [W18D–2020] (NRVP), gedateer 11 November 2022 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 130, gedateer 15 November 2022, bl 544) (Bekragtiging van finale mandaat.)

3. Oorweging van verslag van die Ad hoc-komitee oor WCPP-setels (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 135, gedateer 21 November 2022, bl 554).

3. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Menslike Nedersettings. Tema: Waardigheidstoesigaktiwiteite onderneem deur die Komitee (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 142, gedateer 28 November 2022, bl 568).

4. Oorweging van verslag van die Begrotingskomitee oor die Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste ("Division of Revenue Amendment Bill") [W 22–2022] (NRVP), gedateer 22 November 2022 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, No 143, gedateer 28 November 2022, bl 569) (Bekragtiging van finale mandaat.)

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Die Waarnemende Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me D M Baartman): Dat die Huis, in omstandighede waar:

   (i) die voormalige Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement ("die wetgewer") sy lidmaatskap van die wetgewer op 28 November 2022 ooreenkomstig artikel 106(3)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verloor het; en

(ii) artikel 29 van die Wet op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004, saam met die Staatsaanspreeklikheidswet, 1957, voorsiening maak dat die Speaker van die wetgewer die nominale verweerder of respondent in regsgedinge teen die wetgewer is; en

(iii) die wetgewer op die oomblik nie ŉ Speaker het nie,

Derhalwe besluit:

(a) dat die Sekretaris van die wetgewer hiermee die bevoegdheid ontvang om namens die wetgewer op te tree in enige regsgedinge waarin die wetgewer gedagvaar word of gedagvaar mag word tot sodanige tyd wanneer die wetgewer weer ŉ Speaker het; en

(b) vir die Sekretaris om gereeld aan die Huis verslag te doen oor die Sekretaris se uitvoering van die verpligtinge in paragraaf (a) hier bo; en

(c) dat, vir so lank die pos van Speaker vakant bly, die Sekretaris van die wetgewer die funksies met betrekking tot die ontvangs en mededeling van statutêre en tersaaklike inligting en dokumentasie mag uitvoer.

2. Die Waarnemende Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me D M Baartman): Dat die Huis, ooreenkomstig Staande Reël 151:

(i) ooreenkomstig artikel 20(4) van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, en
(ii) in die lig van die ernstige bewerings van wangedrag teen die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement,
(iii) welke bewerings wesenlik is tot die Etiekkode vir Lede van die Uitvoerende Gesag ("Code of Ethics for Members of the Executive Authority") in Bylae 2 by die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers ("Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act"), 2009 (Wet 10 van 2009), en
(iv) welke bewerings wesenlik is tot die uitvoer van die Speaker se funksies ingevolge die Wet op die Finansiële Bestuur van die Parlement en Provinsiale Wetgewers ("Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act"), 2009,
(v) vertroue verloor het in die Speaker se vermoë om sy verantwoordelikhede as Speaker te vervul,

en hiermee die Speaker onmiddellik uit sy amp ontslaan.

3. Me N Makamba-Botya: Dat die Huis ŉ beroep op die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering doen om voorwaardelike toelaes en oorplasings aan munisipaliteite beskikbaar te stel sodat hulle gratis water, elektrisiteit en sanitasie kan verskaf aan behoeftige huishoudings wat op maatskaplike toelaes staatmaak; en neem kennis dat, alhoewel ons bewus is dat die Stad Kaapstad kortings verskaf aan behoeftige huishoudings waar pensioentrekkers vanaf die ouderdom van 60 jaar en ouer aan die hoof staan, ŉ beroep gedoen word dat meer fondse beskikbaar gestel word sodat al hierdie dienste gratis word, om ook huishoudings in te sluit waar kinders aan die hoof staan en met maatskaplike toelaes oorleef.

4. Me N Makamba-Botya: Dat die Huis ŉ beroep op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement om met ŉ projek te begin om alle provinsiale statute wat verteenwoordigend van apartheid is en vir die meerderheid van ons mense aanstootlik bly, te hersien en te verwyder; kennis neem dat die hersiening ŉ diepgaande ontleding moet behels in al hierdie statute of bepalings op te spoor wat aanstootlik kan wees en strydig met die beginsel van grondwetlike geldigheid kan wees wanneer dit aan die Suid-Afrikaanse hoogste wet, die Grondwet, getoets word; kennis neem dat ons mense nie kan voortgaan om in vrees te leef net omdat hulle bang is om sekere apartheidsbepalings in statute te

oortree wat hulle uiteindelik met boetes of moontlike tronkstraf vir hul oortreding kan laat nie; en kennis neem dat ons moet streef om ŉ proaktiewe en responsiewe wetgewer te wees wat alles wat sleg is, uitroei voordat dit self in die samelewing wortel skiet.

5. Me D M Baartman: Dat die Huis die WKOD se uitstaande prestasie verwelkom deur 100% van sy infrastruktuurbegroting in die 2021/22- finansiële jaar te bestee; kennis neem dat dit in totaal gelykstaande is aan meer as R1,7 miljard; kennis neem dat die Wes-Kaap elke jaar die topbestemming vir semigrasie is namate Suid-Afrikaners ŉ beter lewe met waardigheid, welstand en veiligheid soek; en kennis neem dat dit bewys dat ons leerders in veilige hande is en dat dit verder bydra tot gehalteonderwys wat in ons provinsie aangebied word.

6. Mnr A P van der Westhuizen: Dat die Huis kennis neem van die kategoriewenners van die jaarlikse Prestige-agriwerkertoekennis wat Saterdag 5 November 2022 tydens ŉ gala-seremonie by GrandWest aangekondig is, en in die besonder mnr Nigel Klaasen wat as die algehele wenner van 2022 aangekondig is; en die Wes-Kaapse Departement van Landbou aanprys omdat dit die enigste provinsiale departement in die land is wat die bydraes van die agriwerkmag tot die landbou-ekonomie vier en erken.

7. Me D M Baartman: Dat die Huis die groot impak en vordering wat deur die Harmony Project met sy werksaamhede in die Plettenbergbaai-gemeenskap gemaak is, verwelkom; kennis neem dat die Harmony Project ŉ VK-gebaseerde organisasie is wat poog om onderwyspraktyke meer prakties te maak sodar leerders nouer met die natuur verbind is; kennis neem dat graad 3-leerders by die Primêre Skool Bahia Formosa reeds betekenisvolle verbetering in hul wiskunde- en taaluitslae getoon het; en uitsien na selfs meer ontwikkelings in hierdie verband.

8. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met diepe kommer kennis van die provinsiale regering se swak hantering van die rassespanning by die Hoërskool Vishoek, wat in Mei 2022 begin het toe ŉ onderwyser na bewering rassistiese beledigings tydens ŉ klas gebruik het, ŉ aangeleentheid wat die ANC skerp in die Huis geopper het; verder kennis neem dat ŉ diversiteitswerksessie by die skool skielik deur die Minister van Onderwys, David Maynier, gestaak is ná eise van die wit, regse vleuel wat aangevoer het dat die diversiteitswerksessie-ingryping deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) die leerders getraumatiseer het; daaraan erkenning gee dat die reaksie van die regse elemente bewys dat sommige van ons skole en gemeenskappe rassistiese enklaves bly (hoekom anders sou jong kinders getraumatiseer word deur antirassisme-ingrypings?); op die sterkste moontlike manier die DA se Minister Maynier veroordeel, omdat hy ingegee het vir die wit, regse eise ten koste van die bevordering van nierassigheid en die beskerming van swart leerders wat voortdurend geteiken word en teen wie gediskrimineer word in baie voormalige Model C-skole; en ŉ beroep op die Minister doen om al die besonderhede aan hierdie Huis te verskaf oor hoekom die ingryping opgeskort is, om hom daarvan te weerhou om in te gee vir rasontkenners ter wille van die bou van ŉ regse koalisie in die provinsie en om eerder meer van hierdie diversiteitswerkswinkels aan te bied om rassisme op ŉ fundamentele vlak in ons skole aan te pak.

9. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem van en die afknouery van leerders by die Laerskool Cascade in Mitchells Plain veroordeel, nadat daar na bewering op ŉ 8-jarige outistiese leerder geürineer is, hy gespoeg is en hy selfs met seksuele geweld gedreig is, wat daartoe gelei het dat die kind bang is om terug te gaan skool toe, aangesien die afknouery nie net van ander leerders af kom nie, maar ook van onderwysers; verder kennis neem dat die ma van die kind klagtes by die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), sowel as by die Mitchells Plain-SAPD gelê het, maar dat die polisie vir haar gesê het dat die kind sigbare beserings moet hê voordat hulle ŉ saak kan open; kennis neem dat die Huis hierdie afgryslike dade ten sterkste veroordeel; en ŉ beroep op die WKOD doen om sy ingrypings vir inklusiewe onderwys te versnel en om alle vorme van diskriminasie en misbruik in ons skole uit te roei.

10. Me N Bakubaku-Vos: Dat die Huis kennis neem van en die ANC-LPP Rachel Windvogel gelukwens met haar puik werk en toewyding om ŉ arbeidskrisis op te los, waar ongeveer 100 werkers gewelddadig teenoor mekaar geraak het nadat die werkgewer ingestem het om slegs sommige van hulle werk toe te neem; kennis neem dat sy en haar PCO-administrateurs as ŉ span saam met die Menseregtekommissiekantoor, die polisie, wetstoepassing, raadslid Libazi en die munisipaliteit gewerk het om kalmte en orde in die gemeenskap te herstel; en kennis neem dat die arbeidskwessies by die hoofkwartier van die werkgewer hanteer sal word en dat die Hoofdirekteur van Inspekteurs van die Departement van Arbeid in die provinsie en die menseregtespan, saam met die LPP en haar span, sal voortgaan om saam te werk om die kwessies op te los.

11. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis kennis neem van en op die sterkste moontlike manier die beëindiging van die Departement van Vervoer en Openbare Werke se Blue Dot Taxi-loodsprogram aan die einde van hierdie maand veroordeel en sy teleurstelling uitspreek oor die Departement se besluit om hierdie program te sny; kennis neem dat die Blue Dot-program, wat in samewerking met die minibustaxibedryf bedryf is, daarop gemik was om taxidienste te verbeter en om passasiersdiensgehalte en -veiligheid te verbeter, asook om die bedryf te bemagtig en te transformeer om aandag te skenk aan onwettige bedrywighede en gewelddadige konflik; en aanvaar dat die regering se besluit weereens die verontagsaming en ondermyning van die taxibedryf deur hierdie onverskillige DA-geleide regering bewys, wat nou aanvoer dat hulle nie befondsing het nie, wat hulle op hul beurt gedwing het om bedrywighede te staak.

12. Me R Windvogel: Dat die Huis met kommer kennis neem van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se beplande sluiting van sekere OSW's wat vroue en kinders bystaan en hulp verleen aan die slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, aan wie briewe gestuur is om hulle te waarsku oor ŉ moontlike staking van befondsing in die 2023- finansiële jaar; en die provinsiale regering hierteen waarsku aangesien dit ŉ nadelige uitwerking op weerlose mense in die provinsie sal hê.

13. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis met kommer kennis neem van die voortdurende pogings van die DA-burgemeester van die Oudtshoorn-munisipaliteit om ŉ plaaslike museum uit te sit uit ŉ gebou in besit van die Raad, ten spyte van ŉ huurooreenkoms wat vir ŉ onbepaalde tydperk geldig is; verder kennis neem dat dit duidelik is dat die DA-geleide administrasie ontevrede is met die transformasie wat by die museum plaasgevind het en dat hy ook, gegewe die gebou se nabyheid aan die winkelsentrum, toegang wil gee vir wit sakebelange; en ŉ beroep op die Premier en Minister Marais doen om dringend in te gryp om die beplande uitsetting te stop.

13. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis die verslag van regter Kamphephe na bewerings van rassisme by die Universiteit Stellenbosch, sowel as die huidige institusionele kultuur, verwelkom en ŉ beroep doen vir skakeling oor die aanbevelings; kennis neem van die DA-LP Schreiber se beroep op befondsers van die Universiteit om hul steun terug te trek in die lig van die kommentaar in die verslag oor taal en die potensiaal daarvan om toegang tot nie-Afrikaanssprekendes te beperk; en besluit om die DA te veroordeel, omdat hy weereens transformasie by die Universiteit Stellenbosch teengestaan het en omdat hy taalbeleide voorstaan wat toegang tot die instelling beperk eerder as verbreed

*Sien ook:* Mnr K Brinkhuis (bl 8); Mnr F C Christians (bl 8); Me N Bakubaku-Vos (bl 9); Me L J Botha (bl 9); Me P Z Lekker (bl 9); Me D M Baartman (bl 9); Mnr M K Sayed (bl 9); Mnr L L Mvimbi (bl 9); Mnr C M Dugmore (bl 9); Mnr M Kama (bl 9); Me R Windvogel (bl 9); Mnr M Xego (bl 11); Me N Makamba Botya (bl 11); Me N Makamba Botya (bl 12); Mnr C M Dugmore (bl 12); Me P Z Lekker (bl 12); Mnr M K Sayed (bl 12); Mnr M Kama (bl 12); Mnr M K Sayed (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Me D M Baartman (bl 14); Mnr F C Christians (bl 14); Mnr P Marran (bl 14); Mnr P J Marais (bl 14); Mnr F C Christians (bl 16); Mnr D America (bl 16); Mnr A P van der Westhuizen (bl 16); Me N Bakubaku-Vos (bl 16); Me R

Windvogel (bl 16); Mnr A Lili (bl 16); Mnr M K Sayed (bl 16); Mnr M K Sayed (bl 17); Me N Makamba Botya (bl 17); Mnr G Bosman (bl 18); Mnr M Kama (bl 18); Mnr M K Sayed (bl 18); Me R Windvogel (bl 19); Mnr M Xego (bl 19); Me N Makamba Botya (bl 19); Me L J Botha (bl 19); Mnr M K Sayed (bl 19); Mnr M K Sayed (bl 20); Mnr M Kama (bl 20); Me P Z Lekker (bl 20); Me R Windvogel (bl 20); Mnr P Marran (bl 21); Me W F Kaizer-Philander (bl 21); Mnr M Kama (bl 21); Mnr A Lili (bl 21); Mnr L L Mvimbi (bl 21); Mnr F C Christians (bl 21); Mnr K Brinkhuis (bl 22); Me N Makamba Botya (bl 22); Mnr L L Mvimbi (bl 22); Mnr M K Sayed (bl 22); Mnr M K Sayed (bl 23); Mnr F C Christians (bl 24); Mnr M Kama (bl 24); Me N Bakubaku-Vos (bl 24); Mnr D America (bl 24); Me N Makamba Botya (bl 25); Me P Z Lekker (bl 25); Mnr M K Sayed (bl 25); Mnr C M Dugmore (bl 25); Mnr S N August (bl 28); Mnr K Brinkhuis (bl 28); Mnr M Xego (bl 28); Mnr F C Christians (bl 30); Mnr M K Sayed (bl 30); Me N Bakubaku-Vos (bl 30); Mnr M Kama (bl 30); Me P Z Lekker (bl 30); Mnr F C Christians (bl 32); Mnr D America (bl 32); Mnr C M Dugmore (bl 32); Mnr M K Sayed (bl 32); Mnr P Marran (bl 32); Me R Windvogel (bl 32); Me N Makamba Botya (bl 32); Mnr M K Sayed (bl 32).